



Soldate vir Christus

NG Gemeente
Rietfontein-Suid



Ons Gee Om

Webadres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

Inleidende opmerkings

Vir 2014 het ons die tema “**Soldate vir Christus**” gekies.

‘n Soldaat moet egter volledig aangetrek en bewapen wees om sy werk te doen. Hy moet ook sy wapen ken en weet hoe om dit te gebruik en ook waarvoor dit nie gebruik moet word nie.

Daarom begin ons in die eerste kwartaal met die “**Wapenrusting van God**”.

Gebruik gerus!

Enigene is welkom om ons materiaal te gebruik vir die uitbreiding van God se koninkryk en ook volgens eie behoeftes aan te pas.

Toerusting vir die Kategete

As kategete het ons die voorreg (en verantwoordelijkheid) om met die jongspan in die gemeente te werk en eerstehands die suiwerheid en onskuld van die klein kindertjies se geloof in God te ervaar en uit te bou.

Kinders is van nature nuuskierig en sien met afwagting uit na enigiets nuut wat hulle kan leer, gevul met verwondering oor God se skepping en wie Hy is.

As kategete is dit ook ons verantwoordelijkheid om self die Bybel te bestudeer en tyd met God deur te bring, sodat ons toegerus is om Sy boodskap van waarheid uit te dra.

Vorbereiding vir elke week se klas is dus baie belangrik en kan nie afgeskeep word nie. Bid vir jou kinders, vir jou leiens en vir elke keer se voorbereiding en les. Bly biddend “ingeplug” by God!

God gee aan elkeen van Sy kinders spesiale gawes en talente. Hy weet waar Hy jou wil gebruik en jy hoef dus nie ‘n oomblik daaraan te twyfel dat jy op die regte plek is nie.

God gee jou die passie om met kinders te werk, omdat Hy weet dat jy dit kan doen. Hy het jou klaar toegerus. Gebruik nou jou vaardighede, gawes en talente tot Sy eer.

Lees ter agtergrond en voorbereiding die volgende:

• Efesiërs 6

• Psalm 119:9,105; Psalm 121

• Matteus 4:1-11; Markus 12-13; Lukas 4:1-11

• Hebreërs 4:12

• Johannes 17:17

Vers 12

Maak seker dat jy **BIDDEND** by God “ingeplug” bly.

Hoe meer God jou leer, hoe makliker gaan jy met die kinders die onderwerpe kan behandel!

Die wapenrusting van God word vir ons gegee - ons moet dit elke dag biddend aantrek om ons teen die bese magte van satan te beskerm.

In Matteus 4 wys Christus vir ons dat dit baie belangrik is om die Woord te ken om sodoende die duiwel teen te staan en effektief teen versoekings in ons lewens te stry.

God kyk dieper as x-strale en sien wat in ons lewens aangaan. Sy Woord is lewend en kragtig (Hebreërs 4:12) en dui vir ons die onderskeid tussen reg en verkeerd aan.

Sy Woord is die waarheid (Johannes 17:17) en alleen deur dit te bestudeer, kan ons dit so leer ken dat ons dit met vaardigheid kan gebruik.

Johannes 3:16 is alombekend. God het reeds al die werk gedoen en Christus vir ons gegee as Verlosser. As dit nie daarvoor was nie, was ons nou nog vasgevang in sonde en die ewige dood ons lot.

Bekering is so eenvoudig dat die kleinste kindjie dit kan verstaan. Tog vergeet mens dikwels die

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!



Soldate vir Christus

NG Gemeente
Rietfontein-Suid



Ons Gee Om

Webadres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

...vervolg van vorige bladsy

Stapsoldaatjie

Ek is nie 'n stapsoldaatjie nie
'n rysoldaatjie nie
'n vliegsoldaatjie nie
Ek is nie 'n skietsoldaatjie nie
Maar ek is Jesus se soldaatjie,
Ja Meneer!

Ek is Jesus se soldaatjie, Ja Meneer!
(x2)
Ek is nie 'n stapsoldaatjie nie
'n rysoldaatjie nie
'n vliegsoldaatjie nie
Ek is nie 'n skietsoldaatjie nie
Maar ek is Jesus se soldaatjie,
Ja Meneer!

eenvoud daarvan en probeer dit baie ingewikkeld maak.

Lees ook 1 Johannes 3:1 - God het ons Sy kinders gemaak deur Jesus en ons hoef dus nie te wag tot Jesus weer kom nie, maar ons is reeds God se kinders.

Indeling

Die lesse vir die verskillende weke word as volg ingedeel, maar dit staan enigeen vry om die volgorde te verander om by jul verskillende behoeftes te pas, solank die tema as geheel ook ingeskerp word.

1. Gordel van Waarheid
2. Borsharnas - Vryspreek van God
3. Skoene van Bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig (Bereid wees om te vertel)
4. Skild van Geloof
5. Helm van Verlossing
6. Swaard van die Gees van God - die Woord van God

Liedjies

Die Stapsoldaatjie-lied se woorde is hierbo, maar al die kinders ken dit reeds.

Die liedjie oor die wapenrusting sal apart voorsien word om ook by te leer.

Moenie vergeet van die ouers nie!

Ons ouers is dié wat die kinders op 'n Sondag moet

bring om deel te wees van die Sondagskool. Maak seker dat jy 'n briefie huis toe stuur om jouself aan die ouers bekend te stel en hulle uit te nooi om te eniger tyd vir jou te kontak of te kom inloer.

Praktiese toepassing

Ons glo dat kinders nie net met hul verstand moet werk nie, maar dat hul hande ook besig gehou moet word. Daarom sal daar by elke les iets prakties wees wat gedoen kan word en wat hulle huis toe kan neem.

Parate soldate vir Christus

'n Soldaat wat nie sy volle harnas aan het nie, is weerloos en 'n maklike teiken vir die vyand. Hy kan nie veg as hy nie al ses dele van sy wapenrusting aantrek en weet waarvoor elke deel bedoel is nie.

Ons is soldaatjies vir Christus en met die volle wapenrusting aangetrek, kan ons saam met Hom die goeie stryd stry en paraat wees om die aanslae van die vyand te herken en teen te staan.

Elke keer iets nuut

Een van die wonders van God se woord is dat selfs die ou dinge elke keer opnuut ons harte kan raak.

Ons wens is dat elkeen van julle as kategete ook weereens nuwe dinge oor die wapenrusting van God sal ontdek terwyl ons die tema behandel. Ons bid dat jul met entoesiasme God se woord vir ons kinders sal oopbreek, maar self daardeur ook verryk sal word om meer parate soldate te wees.

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!